Goeie Nuus
Good News
NOU REEDS 26 JAAR OUD!
GRATIS
Januarie 2025
AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION


Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper


# God is DAAR vir Ons

### "EK WAS DAAR OM HOM TE VANG..." - JEAN

Die nuus dat Jean [skuilnaam], se pa selfdood gepleeg het, het haar geruk. Die skok was veral groot omdat sy in die verlede, gegee haar pa se depressie, spesifiek gebid het dat God hom sou beskerm om nooit tot daardie uiterste oor te gaan nie.

"Die nuus dat my pa homself geskiet het, het my soos 'n vuishou getref. Langs sy liggaam waar ek van hom gaan afskeid neem het, het iets binne my gesterf. Ek kon nie meer bid of na God uitreik nie. Die teleurstelling en seer het my hart laat koud word. Vir twee jaar lank het ek met hierdie seer en woede binne my geworstel. As mense vir my gesê het dat God oral is, het dit my selfs kwater en seerder gemaak. As Hy dan oral is, hoekom het Hy nie my pa verhoed om die sneller te trek nie?

"Een aand, terwyl ek na 'n preek geluister het oor die wreedheid van die mens en hoekom God dit nie stop nie, het 'n lig vir my opgegaan. In die preek het die spreker klem gelê op die geskenk wat God vir ons gegee het in die vorm van 'n vrye wil. Alhoewel Hy 'n verhouding met ons elkeen begeer, sal Hy ons nooit forseer om enigiets te doen nie.

"Dié besef het my diep getref. Dit was asof God in daardie oomblik by my was. Soos 'n pa met 'n klein dogtertjie sal doen, het Hy my ken opgelig en vir my gesê: 'Jean, Ek was by jou pa. Ek wou so graag hê dat hy nie daardie sneller moes trek nie. Inteendeel, Ek het hom gesmeek om dit nie te doen nie. Maar, toe hy val, was Ek dáár om hom te vang.'

"Dié belewenis het meer genesing gebring as wat ek in woorde kan beskryf! Dit het my persepsie van Wie God is, herstel en my herinner dat Hy 'n Pa is wat omgee en ons oneindig liefhet."

Jean se stryd is baie van ons s'n. Wanneer ons deur 'n moeilike tyd gaan en situasies beleef wat nie sin maak nie, vra ons maklik: "Waar is God?" Hy verander egter nooit nie en Hy is stééds oneindig lief vir ons.

In Jesaja 54:10 sê Hy: *"Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie. My vredeverbond met jou sal nooit wankel nie."* Mag ons te midde van ons seer weet dat God DÁÁR is. As ons hartseer is, vertroos Hy ons. As ons moedeloos is, vul Hy ons harte met moed. En as ons val, is hy daar om ons te vang. Soms stop God nie die storm nie. Hy beskerm ons terwyl ons daardeur stap.

*"Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem"* (Matt. 1:23). Hierdie Naam beteken "God by ons".

*"Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?"* (1 Kor. 3:16).

*"Nogtans, so seker as Ek leef en die hele aarde vol sal word van My magtige teenwoordigheid"* (Num. 14:21).

### DIE WAARDE VAN 'N PROTEA - THINUS CAMPHER

By *Hagar's Choice, a Place of Safety,* het Thinus Campher en sy gesin in die verlede al verskeie kere beleef hoe God betrokke is by die plasing van aanneembabas by die aanneem-ouers.

"'n Tyd gelede het 'n buitelandse paartjie, wat vir twaalf jaar lank gesukkel het om swanger te word, 'n babadogtertjie by ons aangeneem. 'n Rukkie vóór die aanneemdag was dit die dogtertjie se eerste verjaardag. My vrou, Barbara, doen gewoonlik geweldig baie moeite om vir elke baba in ons sorg 'n verjaarsdagkoek te bak en dit mooi te versier.

"Met dié dogtertjie se verjaarsdag het Barbara besluit om nie die koek met gewone babaversierings te versier nie, maar met meringue-koekies. Dit was 'n groot sukses, aangesien die dogtertjie niks koek wou eet nie, maar sy het wel vyf meringue-koekies verorber!

"Op die aanneemdag gesels ons gewoonlik vooraf eers met die aanneem-ouers om hulle op hul gemak te stel. Tydens dié gesprek was ons verbaas om uit te vind dat die aanneemma se gunsteling-versnapering ook meringue-koekies is! Ons het nogal gesê: 'Kan jy glo, dis jou dogtertjie se gunsteling ook!'

"Ook koop ons vir elke kind 'n spesiale uitrusting vir die aanneemdag om hulle mooi te laat lyk. Nadat ons die babadogtertjie na die paartjie gebring het, het die aanneemma na haar gekyk en skielik in trane uitgebars. Ons het gedink dat dit seker maar net 'n groot oomblik vir haar was.

"Toe die gemoedere bedaar, het sy ons egter vertel dat sy gedurende die twaalf jaar se probeer en bid om swanger te word, geweldig baie lae oomblikke beleef het. Ná elke miskraam het sy vir haarself 'n bos proteas bestel wat haar gewoonlik opgebeur het. Niemand van ons het daarvan geweet nie, maar God het. Toe die dogtertjie uitstap, het sy 'n rokkie gedra - oortrek met proteas! Vir die aanneemmoeder was dit 'n teken dat God regdeur haar hartseer by haar was.

God is ENORM groot, maar stééds betrokke in die detail van ons lewens. In Job 26:14 (Die Boodskap) lees ons: *"Hierdie dinge is maar 'n druppel in die emmer van wat Hy kan doen. Dit is maar net 'n gefluister oor Sy krag. Wie sal die groot gedreun van Sy mag kan verstaan?"*



God hou die heelal in Sy hande, maar Hy weet ook van elke geringe behoefte en begeerte in ons harte! Selfs die "onbelangrike" begeertes en behoeftes in ons harte is vir God belangrik.

### SELFS DIE SPRING-MIELIES WAS BEPLAN! - LISA

By die radiostasie waar ek werk, het ons een winter besluit om 'n paar gesinne in nood elk met 'n groot geskenkpak vol kruideniersware te gaan verras. Luisteraars kon gesinne nomineer wat hulle geweet het swaarkry. Ons het dan uit die nominasies vyf gesinne gekies.

Die oggend voordat ons vertrek het om die geskenkpakke te gaan aflaai, het ek nuuskierig deur die sak gekyk om te sien watter produkte die winkel gekies het. Tussen al die kosprodukte was daar een "vreemde" keuse, 'n enkele pakkie springmielies. Vir my was dit vreemd omdat ek heel

Vervolg op p. 3

# Simfonie

Ek luister op *YouTube* na 'n koor van 4 000 met 'n groot orkes wat in harmonie saamsing en saam musiek maak. Wat 'n pragtige harmonie van koorsang en musiekinstrumente! Die simfonie is hoendervleis-mooi! Die harmonie tussen mens en instrument is onverbeterlik.

Hierdie harmonie word in die Bybel sigbaar in gebed en aanbidding. Kom ons kyk na die Nuwe Testament se Grieks om die ware geestelike betekenis te kan absorbeer en waardeer.

Die begrip "simfonie" word deur die HAT beskryf as: "Veelstemmige musiekstuk vir stryk- en blaasorkes met verskeie gekontrasteerde, maar verwante bewegings…", asook "Mooi saampassende geheel…" Die *Oxford English Dictionary* beskryf dit so: *"The word symphony is derived from the Greek word 'sumphonia' (συμφωνία), meaning 'agreement or concord of sound', 'concert of vocal or instrumental music', and from 'sumphonos' (σύμφωνος), 'harmonious'."*

In eenvoudige taal gestel, kan ons met reg aanvaar dat die woord "simfonie" dui op 'n orkes of stemme wat saamvloei om in pragtige harmonie te wees. As maar net één instrument nie reg ingestel is nie, kan dit die hele orkes se eenheid en harmonie belemmer. Een vals stem kan die hele musiekstuk of koorstuk verongeluk.

In Matt. 18:19-20 lees ons die woorde van die Here Jesus: *"As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde."* Die woord "saamstem" is 'n vertaling van die Griekse woord 'sumphoneo' (συμφωνεω), waarvandaan ons woord "simfonie" afgelei is, soos hierbo bespreek. Dit beteken dus letterlik "om saam te klink" ("to sound / harmonise together"), "om saam in harmonie te kom".

Hoe vind ons hierdie harmonie in gebed? Slegs deur die Heilige Gees wat Jesus Christus vir ons gestuur het. Jesus sê: *"…maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"* (Joh. 14:26). En verder: *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei..."* (Joh. 16:13).

Slegs húlle wat vervul is met die Heilige Gees, kan in harmonie (sumphoneo) saambid, omdat hulle eenheid nie 'n menslik-geproduseerde eenheid is nie, maar deur die Heilige Gees is hulle één in gebed. Daarom sê Paulus: *"...maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin"* (Fil. 2:2).

Wanneer ons harte saamgebind is deur die Heilige Gees, slegs dán kan ons "sáámklink" ("sound / harmonise together"). Daarom sluit Judas 1:20 hierby aan: *"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid."*

Die essensie van die saak is dit: Om in harmonie saam te kan bid sodat God ons gebed sal hoor, is dit van uiterste belang dat ons éérs individueel by God uitkom. Éérs moet elkeen as individu met God in harmonie wees in persoonlike gebed. Sodoende kom ons in harmonie met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom sê Jesus in ons teks: *"Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde."* Dit beteken nie dat twee of drie sommer lukraak 'n gebedjie bid nie, of dat een bid en die ander stem maar net oppervlakkig saam nie. Of dat gelowiges, twee of drie, bymekaar kom om 'n diens te hou nie. Maar wanneer elke individuele gelowige 'n lewende verhouding met God het en elkeen, vervul met die Heilige Gees, in Sy Naam vergader, sal daar 'n korporatiewe salwing wees wanneer ons saambid. En dít is effektiewe gebed!

Bob Mumford het gesê: "When Spirit touches spirit, then there is true worship" (verwys na Joh. 4:23). Dan kom daar ware aanbidding van die hele koor en die gehoor, wanneer almal saam aanbid. Die orkes is afwisselende begeleiding van doedelsakke, trombone, 'n simfonie-orkes. 'n Musiekinstrument opsig self is 'n dooie instrument, maar die instrument word deur 'n Geesvervulde persoon bespeel. Dan is die harmonie Goddelik! En ons wil net aanhou en aanhou om God te aanbid!

Iemand reageer só op hierdie WhatsApp van die koor wat ek aangestuur het: "Hemels!! Ons sing saam. Halleluja!" Ja, gewis, sing saam in jou binnekamer! Die Vader soek ware aanbidders.

Hier moet ons onsself afvra: Hoe lyk my persoonlike gebedsverhouding met God? My gebed saam met gebedsvenote? My aanbidding saam met ander gelowiges in harmonie in die gemeente? As ons só kan sáámbid, kan ons ook in harmonie saam aanbid, saam die vloei van die Heilige Gees ervaar, en saam in die Teenwoordigheid van God kom. Ons sing en aanbid onsself in die Troonkamer van God in! Sodoende kan ons lewens sáám 'n simfonie vir God wees.

Laat ons ons dan beywer om God só welbehaaglik te wees, en dan ook antwoord op ons gebede te kan ervaar!

© Dr. JJ Venter

# Undeserved

When someone hurts you or, worse, hurts somebody that you love, revenge can seem appealing. After all…

They were mean.
They were selfish.
They talked behind your back.
They broke a vital promise.
They lied about you.
They criticised you.
They ignored you.
They did the unthinkable.
They walked away.

They deserve to be punished, right? To feel some of that same pain? They deserve a consequence that will not only help them learn, but will be just as severe as the inflicted wounds.

And yet - because God sees things differently, both His standards and tactics can be surprising. And that's why the apostle Paul, writing to the believers in Thessaloniki, said: *"See that no one pays back evil for evil, but always try to do good to each other and to all people"* (1 Thessalonians 5:15 NLT).

Paul's words sound a lot like Jesus' words - to love your neighbour as yourself; to do to others what you'd like them to do to you (See Matthew 22:38-40).

God's ways might not always be easy, but they can always be trusted.

When we choose unforgiveness, hate and anxiety and bitterness will likely take root. But when we choose forgiveness (even though we might need to consider new boundaries), love and peace and reconciliation can flourish.

So, what about you? Have you ever been mean? Have you been selfish? Talked behind someone's back? Broke a vital promise? Lied, criticised, or ignored? Have you ever decided to give up and walk away?

In our unique-to-us ways, we've all let someone down. We've disregarded God's instructions and, instead, created our own instructions. We've messed up.

We deserve God's wrath but, instead, He's offered us His unconditional love. Because of Jesus' ultimate sacrifice, we didn't get what we deserve. And even while hanging on that cross, breathing His last Earthly breaths, He cried out, "Father, forgive them, for they do not know what they are doing" (Luke 23:34).

Jesus repaid our evil with extreme mercy, leaving us free to conquer evil with good. So today, let's honour His sacrifice by treating others the way He treated us.

Prayer:
God, when I come to You with humility You never hold my mistakes against me.
Because of Jesus' death and resurrection, all my mistakes are paid for.
I never want to cheapen Your gracious gift by refusing to show mercy or kindness to others. So please remove any hurt, and show me where I need to do good to others. In Jesus' Name.
Amen.

*- Selected*

# God is DAAR vir Ons

*Vervolg van p. 1*

moontlik eerder nog 'n pak rys sou insit, as ek moes besluit.

Met ons aankoms by een van die gesinne was daar baie trane. Lisa, 'n enkelouer van 'n tienerseun, kon nie glo dat iemand die moeite gedoen het om haar te nomineer nie.

Wat my van haar geïnspireer het, is hoe sy te midde van elke storm in haar lewe (en sommige dae wat daar amper niks in die huis was om te eet nie), steeds gekies het om God te aanbid en te prys, omdat sy geglo dat Hy hulle Voorsiener is.

Ná afloop van ons besoek, het ons die volgende boodskap van Lisa ontvang: "Gisteroggend staan ek in die winkel en is só lus vir gekoopte *popcorn*. Nooit regtig nie, maar gister wel. Toe ek sien hoe duur dit is, het ek dit teruggesit, want ek het besef dat dit 'n luukse is. Toe ek die kossak oopmaak, het ek amper op my rug geval: Heel bó in die sak lê 'n pakkie *popcorn* - presies die soort wat ek teruggesit het! Nou besef ek weer dat ons Vader nie net in ons behoeftes voorsien nie, maar soms selfs in ons kleinste begeertes!"

Ons Here is groot en baie sterk! Daar is niks wat Hy nie weet nie. Die Here help die mense wat hulp nodig het. God is ENORM en tog betrokke in die detail van ons lewens.

Het Hy Lisa se lofprysing in haar storms gehoor? Het Hy haar dalk "voorberei" om Sy goedheid te beleef die dag voordat ons haar besoek het? Die "onverklaarbare" is 'n bewys van God se onsigbare Hand.

In Psalm 147:5-6 (Die Boodskap) lees ons: *"Here, U het my tot in die fynste detail gemaak. In die baarmoeder het U my gevorm... Nog voordat ek mens geword het, het U my al beplan. U het my lewe toe al in U hand gehou. En U het besluit wat met my sou gebeur"* (Ps. 139:13, 16).

*"Daar is tog niemand wat vir God iets kan leer nie"* (Job 21:22 ).



*"Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap"* (Pred. 2:26).

Gebed:
Vader God, baie dankie dat U steeds ag slaan op die detail van ons lewens. Help my asseblief om te vertrou dat U werk in die tye wat 'n deurbraak bietjie langer neem om te kom as wat ek gehoop het. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

- God is Stééds God, Benescke Janse van Rensburg, 2020.

# A O NA LE JESU KA 2025?

## (Is Jesus With You In 2025?)

### DITEMANA

#### JESU O DIDIMATSA LETSHA

*"Ya re ka letsatsi leo, go le maitsiboa, a ba raya a re: 'A re tsheleleng kwa moseja.' Ba phatlalatsa batho, ba tsamaya nae fela a ntse a le mo mokorong. Mme mekoro e mengwe ya mo pata. Jaanong ga tsoga matsubutsubu a magolo a phefo, makhubu a metsi a tlolela mo mokorong, mokoro wa ba wa batla go tlala, ene a bo a le kwa morago mo mokorong, a robetse mo mosamong. Ba mo tsosa, ba mo raya ba re: 'Moruti, a ga o re sepe, fa re nyelela?' A tsoga, a kgalemela phefo, a raya letsha a re: 'Kgaotsa o didimale!' Phefo ya khutla, ga ba ga nna tidimalo e kgolo. A ba raya a re: 'Ke eng, fa lo le boi jaana? Ke go reng, fa lo se na tumelo?' Bone ba boifa ka poifo e kgolo, ba raana ba re: 'Kana yo ke mang, fa phefo le letsha le tsona di mo utlwa?'"* (Mareko 4:35-41).

#### PAULO MO SEKEPENG GO ISIWA ROMA

*"Mme jaanong ke lo kgothatsa gore lo namatshege; gonne ga go nke go senyega bophelo jwa ga ope mo go lona, fa e se mokoro o le osi fela. Gonne moengele wa Modimo o ke leng wa ona, o ke bileng ke o direla, o letse a eme fa go nna, a nthaya a re: 'Paulo, se boife! O tshwanetse go ema fa pele ga Kaisara; mme itse gore Modimo o tla pholosa botlhe ka ntlha ya gago ba ba etang nao mo mokorong.' Ka moo he, banna, namatshegang; gonne ke dumela Modimo gore go tla nna fela jaaka ke boleletswe"* (Ditiro 27:22-25).

#### MOSHE O BATLA JESU GO TSAMAYA LE BONE

*"Morena a botsa Moše a re: 'A ke ye nao ka nosi, ke go ise kwa boikhutsong?' Mme a mo raya a re: 'Fa o sa ye le rona ka wesi, o se ka wa re hudusa mono. Kana go tla itsiwe ka eng, fa ke bonye bopelotlhomogi mo matlhong a gago, nna le morafe wa gago, fa e se ka go ya ga gago le rona le ka go tlhaolwa jalo mo merafeng yotlhe e e mo lefatsheng, nna le morafe wa gago?'"* (Ekesodu 33:14-16).

#### DAFITA O NE A ITSE GORE O TLHOKA MODISA

*"Pesalome ya ga Dafita. Morena ke modisa wa me, ga nkitla ke tlhoka sepe. O mpothisa mo mafulong a matalana, o nkgogela kwa metsing a tapoloso. O lapolosa mowa wa me; o ntsamaisa mo ditseleng tsa tshiamo ka ntlha ya leina la gagwe. Le fa ke tsamaya mo mogorogorong wa moriti wa loso, ga nkitla ke boifa bosula bope; gonne o na le nna. Tsamma ya gago le seikokotlelo sa gago di a nkgomotsa. O baakanya bojelo fa pele ga me go lebagana le baba ba me; o ntlotsa tlhogo ka lookwane; senwelo sa me se tletse, se a penologa. Ruri molemo le boitshwarelo di tla ntshala morago ka malatsi otlhe a bophelo jwa me; ke tla nna mo Ntlong ya Morena go ya bosakhutleng"* (Pesalome 23:1-6).

### DIKAKANYO

A o ka tsamaisa mokoro wa gago wa botshelo mo lewatleng la botshelo ka 2025 o se na Jesu mo go one? O ne a le mo mokorong le barutwa fa setsuatsue se segolo se ne se tla. Ka 2025 re tshwanetse go dira botshelo. Go ka nna ga nna le ditsuatsue. Go ka nna ga nna le makhubu. Ga se ka metlha botshelo bo leng motlhofo. Go na le dikai tse dintsi tsa ditsuatsue mo botshelong:

- Kwa gae
- Kwa tirong
- Dintlha tsa boitekanelo
- Dikgang tsa lelapa
- Dikgang tsa sepolotiki
- Masetlapelo a tlholego.

Fa barutwa ba ntse ba tshogile go swa Jesu o ne a 'robetse mo mosamong' mo mokorong. Ba ne ba tshwanetse go mo tsosa. Akanya fela ka gone. Fa o na le Jesu mo mokorong wa gago wa botshelo ga o tlhoke go boifa le go tshoga. Le fa a le teng a robetse. O ne a ba raya a re: *"Ke ka ntlha yang fa lo boifa jaana? Go tla jang gore lo se na tumelo?"* Mo tshimologong ya 2025 netefatsa gore o na le Jesu mo botshelong jwa gago, mo mokorong wa gago wa botshelo. Fa ba sena go mo tsosa: *"Foo a tsoga, a kgalema phefo, a raya lewatle a re: 'Kagiso, didimala!'"* Moshe o ne a sa batle go tsamaya a sa itse gore Modimo o na le bone? Ke eng o ka rata go leka go tsamaya o le nosi o se na Jesu? Dafita o rile Morena ke Modisa wa gagwe. O ne a batla gore Morena a nne le ene a mo



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

sireletse. Ke eng o ka rata go leka botshelo o le nosi? Le fa o tsamaya le batho ba Modimo o botoka. Batho ba ba neng ba le mo mokorong ba ne ba pholosiwa fela ka gonne ba ne ba tsamaya le Paulo, le monna wa Modimo. Ka jalo, laletsa Jesu mo botshelong jwa gago jaanong mo tshimologong ya 2025. A a tsamaye le wena. A a nne Modisa wa gago. A a didimatse ditsuatsue tsa 2025.

### THAPELO

Morena Jesu, ke Go laletsa mo mokorong wa me wa botshelo mo ngwageng o mosha ono. Nkaela mo ditsuatsueng mme o ritibatse metsi a pelo ya me. Nna boteng jwa me jo bo tlhomameng, mosireletsi wa me, le mmoloki wa me. Fa ke ntse ke tsamaya mo ngwageng wa 2025, nthuse go tshepa maatla a gago, go latela thato ya gago, le go bona kagiso mo go tlamparelong ga gago. Amen.

# Planne en Probleme: Die Mens Wik Maar God Beskik

**'n Mens het baie ambisies, planne en idees. Dit kan groot of klein wees, lewensveranderend of alledaags. 'n Beroepsverandering of die aangryp van 'n nuwe werksgeleentheid, die begin van 'n besigheid, betreding van 'n nuwe studieveld, die aanknoop van 'n nuwe verhouding, voltrekking van 'n huwelik, die aankoop van 'n motor, beplanning van 'n vakansie, die aanpak van 'n wêreldreis of 'n plaaslike besoek aan familie of vriende. Die lewe is vol uitdagings en geleenthede.**

**Aan die ander kant word 'n mens gebombardeer met so baie probleme in ons besige lewens wat ons aandag vereis. 'n Siek familielid, kind, of ouer; 'n vriend in finansiële nood; my eie rekeninge wat dringend betaal moet word; die land se politieke situasie; die motor se diens of huis se instandhouding… Daar is soveel behoeftes, nood, probleme, onopgeloste sake, kwellende vrae… die lys hou nie op nie. Dit kan neerdrukkend wees en ons totaal uitput - hoe moet ons hierdie dinge hanteer?**

**Die boek Spreuke stel dit so: *"Die planne van die hart is van die mens, maar die antwoord van die tong kom van die Here. Al die weë van 'n man is suiwer in sy oë, maar die Here toets die geeste. Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word. Alles het die Here gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil. Elke hoogmoedige van hart is vir die Here 'n gruwel; sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie"* (Spr. 16:1-5 OV).**

**Laat ons hierdie skrifgedeelte oorweeg aan die hand van die volgende drie toepassings daarvan.**

### 1. TOETS JOU PERSPEKTIEF

**Die *Amplified Bible* lees: *"The plans and reflections of the heart belong to man, but the [wise] answer of the tongue is from the Lord."* Die ou gesegde lui: "Die mens wik, maar God beskik."**

**Daar is inderdaad baie planne in 'n mens se hart, maar ons het beperkte visie. Ons is vasgevang in ons klein bestaan, ons beperkte begrip en perspektief. Die finale antwoord, die beste oplossing, kom van die Here. Hy is alwetend en alwys. Hy sien ver - die verlede, hede, en toekoms.**

**Dawid stel dit so: *"Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip"* (Ps. 139:1b-6 NV). Hy vervolg in vers 16-17: *"U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is. Hoe wonderlik is U gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!"* Ons kan nie anders as om lof aan ons Skepper en Vader te bring as ons Sy wysheid maar ook Sy liefde en belangstelling oorweeg nie!**

**Dit maak soveel meer sin om Hóm te vra vir wysheid en raad vir 'n bepaalde saak. Jak. 1:5 herinner ons, *"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt."* Die goeie nuus is dat God nie net wys is nie, maar dat Hy hierdie wysheid met ons wil deel! Dit is dus raadsaam om elke saak voor die Here in gebed te bring, en Hom te vra wat die pad vorentoe is. Dit sal die beste uitkoms verseker.**

### 2. TOETS JOU MOTIEF / GESINDHEID

**Spr. 16:2 lees as volg in die *Amplified Bible, "All the ways of a man are clean and innocent in his own eyes [and he may see nothing wrong with his actions], but the Lord weighs and examines the motives and intents [of the heart and knows the truth]."***

**Die motief waarmee ons iets aanpak is vir die Here uiters belangrik. En ons kan niks vir Hom wegsteek nie. Hy sien deur enige oëverblindery, verskonings of selfmisleiding. Hy kan nie 'n verkeerde daad wat met 'n goeie motief gedoen word, seën nie. Maar Hy kan ook nie 'n goeie daad wat uit trots (Spr. 16:5) of agterbaksheid gedoen word, goedkeur nie.**

**Jesus gee vir ons 'n paar voorbeelde hiervan in die Bergpredikasie: *"Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.***
***As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.***
***Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.***
***As julle vas, moet julle nie soos skynheiliges met lang gesigte rondloop nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die mense kan sien dat hulle vas. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig sodat niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon"* (Matt. 6:1-6; 16-18; NV).**

**Dit sal goed wees as ons Dawid se gebed ons eie maak: *"Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"* (Ps. 139:3-4 NV).**

### 3. TOETS JOU OORGAWE

**Ons kom dan by 'n pragtige vers: *"Roll your works upon the Lord [commit and trust them wholly to Him; He will cause your thoughts to become agreeable to His will, and] so shall your plans be established and succeed"* (Prov. 16:3 AMPC). Ons vind 'n soortgelyke gedagte in 1 Pet. 5:5b-7, *"For God sets Himself against the proud (the insolent, the overbearing, the disdainful, the presumptuous, the boastful) - [and He opposes, frustrates, and defeats them], but gives grace (favour, blessing) to the humble. Therefore humble yourselves [demote, lower yourselves in your own estimation] under the mighty hand of God, that in due time He may exalt you, casting the whole of your care [all your anxieties, all your worries, all your concerns, once and for all] on Him, for He cares for you affectionately and cares about you watchfully."***

**Ons sien hier 'n paar gedagtes wat uitstaan: Eerstens word ons vermaan om in nederigheid AL ons probleme en vrae na die Here te bring, en niks uit te laat nie. Dit is 'n teken van oorgawe en nederigheid - ons vertrou die Here geheel en al en steek niks vir Hom weg nie. Ons hou niks terug nie, en sluit Hom nie uit sekere dele van ons lewens nie. Ons is totaal oop voor Hom. Tweedens, die werkwoord "werp" [al jul bekommernis] kan letterlik vertaal word *"roll your cares upon the Lord"*. Dit is 'n las wat te swaar is om self te dra, en daarom gee 'n mens dit oor aan iets (soos 'n pakdier) of in ons geval, aan Iemand wat sterker is en wat wil help. Derdens, die Grieks (ἐπιρίψαντες) dra die konnotasie dat dit vir eens en vir altyd gedoen moet word. Vierdens volg dit ook uit die Grieks dat ons te doen het met 'n partisipium wat wyse of manier aandui. Hoe moet ons ons verneder? Deur ons sorge aan Hom oor te laat. Die Direkte 2020-vertaling stel dit so: *"Daarom, verneder julle onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle op die regte tyd kan verhoog, deur al julle bekommernis op Hom te werp; want Hy gee om vir julle."* Dit is die toets van oorgawe en 'n nederige hart: eerder as om alles self te probeer doen en my probleme self op te los, vra ek die Here vir hulp - vir Sy plan, Sy tydsberekening en Sy manier (wil).**

**Die Psalmdigter, Dawid, stel dit so: *"Commit your way to the Lord [roll and repose each care of your load on Him]; trust (lean on, rely on, and be confident) also in Him and He will bring it to pass."* Die Afrikaans is ook mooi: *"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hý sal dit uitvoer"* (Ps. 37:5 OV). Een kommentator stel dit as volg, "Transfer thy burden to the Lord, cast upon Him all that thou hast to do; do all as in His sight, and as an act of duty to Him… As a child opens its heart to a tender parent, so do thou show to God thy desires and intentions, trusting to His care and providence. And thy thoughts shall be established. The plans and deliberations out of which the 'works' sprang shall meet with a happy fulfilment, because they are undertaken according to the will of God, and directed to the end by His guidance."**

### SAMEVATTING

**Vir die beste uitkoms, moet ons die twee kante van die muntstuk - ons planne en ons probleme - aan God oorgee. Sy motiewe is rein en wil die beste vir ons hê. Hy gee genade aan die nederige wat op Hom vertrou vir die oplossing van al die vraagstukke wat swaar op ons gemoed druk. As ons Hom eerste stel, sal Hy ons ook verhoog en die uitkoms gee!**

**© C Venter**

# Lord, Teach Us To Pray

### HOW SHOULD I PRAY?

*“One day Jesus was praying in a certain place. When he finished, one of His disciples said to Him, ‘Lord, teach us to pray, just as John taught his disciples’”* (Luke 11:1 NIV).

*“If you, then, though you are evil, know how to give good gifts to your children, how much more will your Father in heaven give good gifts to those who ask Him!”* (Matthew 7:11 NIV).

We know that prayer is essential to our spiritual life. But for many of us, prayer can often be a struggle. This struggle isn’t new. Even the disciples who were with Jesus every day asked Jesus to teach them to pray. Thankfully, Jesus took the time to do that so we could know how we should pray.

The example Jesus gives in Matthew 6 is traditionally referred to as The Lord’s Prayer. In the prayer, we see six main focus areas that Jesus taught His disciples to pray about. The six areas are the Father’s character, kingdom, provision, forgiveness, guidance, and protection. This framework Jesus gives is simple, profound, multi-dimensional, and rich. It helps us move beyond rote prayers or a long list of requests and into a deeper level of dependence on God.

### THE FATHER'S CHARACTER

*“This, then, is how you should pray: ‘Our Father in heaven, hallowed be Your Name’”* (Matthew 6:9 NIV).

*“And He passed in front of Moses, proclaiming, ‘The Lord, the Lord, the compassionate and gracious God, slow to anger, abounding in love and faithfulness, maintaining love to thousands, and forgiving wickedness, rebellion and sin. Yet He does not leave the guilty unpunished; He punishes the children and their children for the sin of the parents to the third and fourth generation’”* (Exodus 34:6-7 NIV).

*“Your love, Lord, reaches to the heavens, Your faithfulness to the skies”* (Psalms 36:5 NIV).

*“But You, Lord, are a compassionate and gracious God, slow to anger, abounding in love and faithfulness”* (Psalms 86:15 NIV).

First, let’s focus on how Jesus begins this prayer. He starts by addressing God Himself, and He calls God “Our Father.” As Christians, we can address God in the same way. We’ve been adopted into His family as sons and daughters through Jesus. This relationship we have with God is intimate and personal. The phrase “Our Father” addresses the fact that God is our Father Who knows us intimately and loves us.

In the first sentence of the Lord’s Prayer, we see Jesus praying about the character of God. We see this pattern of praying to God about His character throughout Scripture.

Pray about Who God is. This not only glorifies God, but it also reminds you of Who He is and what He’s done for you. So what are some characteristics of God that you can pray about? The word “hallowed” means for something to be honoured as holy. Jesus’ prayer addresses God’s name as holy, worthy of our reverence and awe. As you follow Jesus’ example of praying about God’s character, there are so many elements of His character that you can address. Remember that God’s character is perfectly revealed in Jesus. Attributes of Jesus are all characteristics of God that you can pray and thank Him for.

Here are some of the characteristics of God that may help guide your prayers: He is the Creator. He’s loving. He’s kind. He’s just. He’s compassionate. He’s powerful. He’s merciful. God is all these things and more. Make your prayers personal by thinking of a specific time in your life when you've experienced some of these attributes of God. As we focus on God's character in our prayers, we're reminded of His greatness and love, which can bring us peace and strength as we face our daily challenges.

### THE FATHER'S KINGDOM

*“Your kingdom come, Your will be done, on Earth as it is in heaven”* (Matthew 6:10 NIV).

*“For the kingdom of God is not a matter of eating and drinking, but of righteousness, peace, and joy in the Holy Spirit”* (Romans 14:17 NIV).

*“For He has rescued us from the dominion of darkness and brought us into the kingdom of the Son He loves, in Whom we have redemption, the forgiveness of sins”* (Colossians 1:13-14 NIV).

When Jesus teaches us to pray this, He's telling us to ask for God's powerful reign to spread everywhere - not just in our own lives, but in the whole world. God's kingdom refers to His sovereign rule and reign. It's wherever He is in control, where His perfect will is being carried out. When we pray for His kingdom to come, we're asking for His authority and purposes to be established in every area of our lives and in the world around us.

We can begin by looking at our own lives. Are there any areas where we're still holding onto control, instead of letting God be the Boss? Pray that His kingdom would take over your relationships, your job, your finances - every part of your life. Ask Him to get rid of anything that doesn't line up with what He wants.

We can also pray for God's kingdom to grow in our families, our communities, our country, and all around the globe. Think of specific people or places that need God's transforming power, and lift them up. Remember, as followers of Jesus, we get to be part of expanding His kingdom here on Earth. We're His ambassadors, with the awesome privilege of partnering with Him in His mission. When we pray this way, we're not just spectators - we're rolling up our sleeves and joining the work. The details might look different for each of us, but the invitation is the same: Surrender to Jesus as the true King, and ask Him to use you to bring His perfect will *"on Earth as it is in heaven.”*



### THE FATHER'S PROVISION

*“Give us today our daily bread”* (Matthew 6:11 NIV).

*“Every good and perfect gift is from above, coming down from the Father of the heavenly lights, Who does not change like shifting shadows”* (James 1:17 NIV).

*“Then the Lord said to Moses, ‘I will rain down bread from heaven for you. The people are to go out each day and gather enough for that day. In this way I will test them and see whether they will follow My instructions’”* (Exodus 16:4 NIV).

*“Then Jesus declared, ‘I am the Bread of Life. Whoever comes to Me will never go hungry, and whoever believes in Me will never be thirsty’”* (John 6:35 NIV).

*“And my God will meet all your needs according to the riches of His glory in Christ Jesus”* (Philippians 4:19 NIV).

In this simple phrase from the Lord's Prayer, Jesus teaches us an important truth - we are dependent on God to provide for our needs. The imagery of "daily bread" points back to the story of God supernaturally feeding the Israelites with manna in the wilderness (Exodus 16). Just like the Israelites, we are not meant to store up far more than we need for each day. Rather, Jesus instructs us to ask our Heavenly Father to give us what we require, one day at a time. This fosters an attitude of daily trust and reliance on God - not just for ourselves, but for those around us as well. You see, the "daily bread" Jesus refers to encompasses far more than just physical food. He is speaking of our total dependence on God - not just for food, but for every spiritual, emotional, and relational need we and others have.

Do you need wisdom for a difficult decision? Ask your Father. Are you struggling with anxiety or fear? Bring those needs to Him. Longing to see a loved one draw closer to Christ? Ask the Bread of Life to satisfy their soul.

God is the giver of *"every good and perfect gift"* (James 1:17). He delights in providing for His children, often in miraculous ways. But His provision goes beyond the material. He wants to nourish us, and those we care about, with His comfort, His peace, His strength - everything required for us to flourish. As you pray today, don't be afraid to bring your needs before your Heavenly

*Continued on p. 6*

# Lord, Teach Us To Pray

*Continued from p. 5*

Father, knowing that He is able and eager to care for you. And be sure to also lift up the needs of family, friends, and your broader community, trusting that God will faithfully supply according to His riches in glory.

### THE FATHER'S FORGIVENESS

*"And forgive us our debts, as we also have forgiven our debtors"* (Matthew 6:12 NIV).

*"If we confess our sins, He is faithful and just and will forgive us our sins and purify us from all unrighteousness"* (1 John 1:9 NIV).

*"So watch yourselves. 'If your brother or sister sins against you, rebuke them; and if they repent, forgive them. Even if they sin against you seven times in a day and seven times come back to you saying 'I repent,' you must forgive them'"* (Luke 17:3-4 NIV).

*"Bear with each other and forgive one another if any of you has a grievance against someone. Forgive as the Lord forgave you"* (Colossians 3:13 NIV).

*"Be kind and compassionate to one another, forgiving each other, just as in Christ God forgave you"* (Ephesians 4:32 NIV).

This pivotal line in the Lord's Prayer reminds us of two crucial truths: We are in need of God's forgiveness, and we are called to extend that same forgiveness to others. First, we must acknowledge our own sinfulness. The reality is, we all fall short of God's perfect standard. Like debts we owe but cannot pay, our wrongs and mistakes create a chasm between us and the holy God. And yet, Jesus teaches us to boldly ask the Father for forgiveness. Why can we approach God with such confidence? Because of His great love and mercy. 1 John 1:9 promises, *"If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins and to cleanse us from all unrighteousness."* No matter how deep our failures, God stands ready to pardon us.

But the forgiveness we receive from God is not just for our own benefit. Jesus makes it clear that our willingness to forgive those who have wronged us is directly connected to experiencing God's forgiveness. Colossians 3:13 urges us to *"forgive as the Lord has forgiven you."* Carrying unforgiveness in our hearts is like a weight that drags us down. It hinders our relationship with God and prevents us from living in the freedom Christ died to provide. When we choose to let go of bitterness and extend grace, we reflect the very heart of our merciful Heavenly Father.

As you pray today, don't hesitate to bring your sins before God, trusting in His abundant forgiveness. And ask Him for the strength to forgive those who have hurt or offended you. Remember, we forgive not because others deserve it, but because we have been forgiven much.

### THE FATHER'S GUIDANCE

*"And lead us not into temptation, but deliver us from the evil one."* (Matthew 6:13 NIV).

*"When tempted, no one should say, 'God is tempting me.' For God cannot be tempted by evil, nor does He tempt anyone; but each person is tempted when they are dragged away by their own evil desire and enticed. Then, after desire has conceived, it gives birth to sin; and sin, when it is full-grown, gives birth to death"* (James 1:13-15 NIV).

*"No temptation has overtaken you except what is common to mankind. And God is faithful; He will not let you be tempted beyond what you can bear. But when you are tempted, He will also provide a way out so that you can endure it"* (1 Corinthians 10:13 NIV).

*"In their hearts humans plan their course, but the Lord establishes their steps"* (Proverbs 16:9 NIV).

In this part of the Lord's Prayer, Jesus teaches us to seek God's guidance in our daily lives. We need divine wisdom to navigate the complexities of life and the strength to resist temptation. When we pray for God's guidance, we're acknowledging our dependence on Him. This prayer reflects our desire to align our will with God's perfect plan. It's important to note that when we ask God not to lead us into temptation, we're not implying that God tempts us. James 1:13-15 clarifies that temptation comes from our own evil desires, not from God. Rather, we're asking for His protection and strength to resist when temptation does come. When you're looking for God's guidance, it can help to quiet down and listen. God often speaks to us in ways that are easy to miss if we're not paying attention. Remember how He spoke to Elijah? It wasn't in the wind, earthquake, or fire, but in a *"gentle whisper"* (1 Kings 19:11-12).

While God calls us to go into the world to share His kingdom, He also wants us to remain distinct from the world's values and temptations. We should pray for wisdom in how to engage with the world while staying true to our faith. Don't hesitate to seek God's guidance in both big and small matters. He cares about every aspect of our lives. As you pray for direction, trust in the promise of Proverbs 16:9: *"In their hearts humans plan their course, but the Lord establishes their steps."* Remember, God delights in guiding His children. As you cultivate a habit of seeking His direction, you'll find yourself growing in discernment and walking more closely with Him.

### THE FATHER'S PROTECTION

*"And lead us not into temptation, but deliver us from the evil one"* (Matthew 6:13 NIV).

*"Therefore put on the full armour of God, so that when the day of evil comes, you may be able to stand your ground, and after you have done everything, to stand"* (Ephesians 6:13 NIV).

*"Be alert and of sober mind. Your enemy the devil prowls around like a roaring lion looking for someone to devour"* (1 Peter 5:8 NIV).

*"The thief comes only to steal and kill and destroy; I have come that they may have life, and have it to the full"* (John 10:10 NIV).

*"You, dear children, are from God and have overcome them, because the One Who is in you is greater than the one who is in the world"* (1 John 4:4 NIV).

This final petition in the Lord's Prayer reminds us of our need for God's protection in a world where spiritual battles are a daily reality. Jesus teaches us to ask our Heavenly Father to shield us from evil and its influences. The apostle Peter warns us that our *"enemy, the devil, prowls around like a roaring lion looking for someone to devour"* (1 Peter 5:8). Jesus Himself tells us that the thief comes only to steal, kill, and destroy (John 10:10). When we pray for deliverance from evil, we're acknowledging our dependence on God's strength and protection. We're inviting His power into our lives to guard us against the schemes of the enemy.

The apostle Paul provides us with a vivid picture of how we can stand firm against evil in Ephesians 6:13-18. He describes the *"armour of God."* Remember, our God is greater than any force that comes against us. When we face trials or temptations, we can take comfort in knowing that our all-powerful Father is fighting for us. Praying for God's protection isn't just about our personal safety. It's also about staying aligned with God's will and being effective in His kingdom work. As we go out into the world to share God's love and truth, we need His protection to remain steadfast and focused on our mission. Make it a habit to regularly ask for God's protection. Trust in His power to deliver you from evil and keep you secure in His love.

### PRAISING GOD

*"For Yours is the kingdom and the power and the glory forever. Amen"* (Matt. 6:13 NKJV).

Finally, let us worship the Lord our God for His goodness and grace. He is our awesome Father Who reigns, provides, forgives, guides, and protects us! Let us use prayer as our vital communication with the Father, and let us grow our relationship with Him through regular conversation.

https:// weareibc.com

Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131


# God Besoek die Eensame

"Pray that your loneliness may spur you into finding something to live for, great enough to die for." - Dag Hammerskjöld.

Die trein het lank na middernag in Chester se stasie ingetrek. Dit was winter; die reisiger het 'n onplesierige en koue vaart oor die Engelse Kanaal agter die rug gehad. Hy het die treinrooster op die kennisgewingbord gaan bestudeer en ontdek dat hy ses uur lank sou moes wag vir 'n aansluiting.

In daardie tyd was Chester se stasie 'n mistroostige oorstaanplek. Dit was koud en grys, mensverlate en trekkerig. Daar was wel 'n onverhitte wagkamer, maar hier onder die buitenste, grys sinkafdak het die nagwind deur die mensgemaakte tonnel tussen die oop suide- en noordekante van die stasie-kompleks gewaai. Die reisiger het hom na die wagkamer gehaas, waar hy tot sy verbasing 'n ou man aangetref het wat besig was om die vertrek uit te vee. Hy kon nie help om die ou man se gesig raak te sien nie: dit was 'n gesig vol kalme vrede en geluk.

"Werk u dan die hele nag?" het die reisiger gevra.
"Baie, baie jare lank al, Meneer," antwoord die ou man. "Maar nou raak ek oud, hoor."
"Dit moet verskriklik koud vir u wees... U lyk nie baie sterk nie," sê die reisiger.
"Nee, Meneer, deesdae is ek nie meer wat ek was nie," sê die ou man.
"Ek het baie las van rumatiek, maar o, Meneer, ek het vannag so 'n geseënde tyd beleef dat die koue dwarsdeur my ou geraamte gegaan het sonder om my skade aan te doen."
"Ek sou dit nie juis 'n seën noem om so te verkluim nie," sê die reisiger, wat reeds 'n vermoede kry van dit waarna die ou man verwys.
"O, nee, Meneer," sê die ou man met 'n stralende gesig, "dis nie dít nie. Wat ek loop en dink het voordat u hier ingekom het, was dat dié Jesus darem wonderlik was. Ek meen - om 'n liggaam soos ons s'n vir Homself te kry, sodat Hy kon VOEL: al die koue en al die pyne en al die lyding hier op aarde. Is dit nie wonderlik om te weet dat Hy vannag daar in die hemel presies weet hoe ek voel nie? Ek ken Sy gevoel vir my; Hy ken al my swaarkry en al die koue hierso. As ek dink hoe Hy vannag met my saamvoel en hoe lief Hy my het, daar waar Hy vannag is, dan voel dit vir my asof ek nie meer so erg omgee vir die pyn nie. Is dit nie 'n wonderlike ding nie, Meneer ... Sy liefde vir ons, bedoel ek?" - Dr. A.T. Schofield. (Naismith, A. 1963. 1200 Notes, quotes and anecdotes. Basingstoke: Pickering.)

Ons sien dat God by ons is in ons eensaamheid. Sy Teenwoordigheid bring soveel vrede en vertroosting en lei ons op ons swaarkrypaaie. Ons vind voorbeelde hiervan in die Bybel. Daar is ses karakters wie se lewens ons kan oorweeg: Nabal en sy vrou Abigajil, Simeon en Anna, Jesus Christus, en Tabita, ook genoem Dorkas.

## NABAL EN ABIGAJIL: DIE ONNODIG EENSAME MENSE

In 1 Samuel 25 lees ons die verhaal van Nabal wat Dawid beledig het. Hy was 'n baie ryk boer en het drieduisend skape en 'n duisend bokke gehad. Die Nuwe Vertaling beskryf hom as *"'n regte korrelkop en onbeskof"* (v. 3). Dawid het proviand vir hom en sy manne gevra op grond van die feit dat sy manne Nabal se veewagters beskerm het en niks vee gesteel het nie. Maar Nabal het hulle met leë hande weggestuur en vernederend na Dawid as 'n slaaf verwys wat van sy eienaar (Saul) af weggeloop het. So het hy homself die gramskap van Dawid op die hals gehaal, en dit kon tot sy en sy nageslag se dood lei, as sy vrou Abigajil nie tussenbeide getree het nie.

Laat ons dit maar erken: sekere soorte eensaamheid is onnodig. Nabal, die ryk boer (herken ons sy Nuwe-Testamentiese eweknie in die gelykenis van die ryk dwaas?) is onnodig eensaam. Van hom gee sy vrou die volgende getuigskrif: *"Meneer moet hom tog nie steur aan daardie verkeerde mens, aan Nabal nie, want hy is net soos sy naam. Sy naam beteken dwaas, en dwaas is hy"* (1 Sam. 25:25). Nabal is een van die onaangenaamste karakters in die Bybel - en dit is sy manier van praat, sy omgangs- en kommunikasiestyl, wat hom so ongewild maak.

Het jy al ooit die kommunikasiestyl van die Bybelse dwaas met jou eie vergelyk?

- *"Wyse mense loop nie te koop met hulle kennis nie. As 'n dwaas sy mond oopmaak, is sy ondergang naby"* (Spr. 10:14).
- *"Agter die woorde van 'n huigelaar sit daar haat; wie skinderstories versprei, is 'n dwaas"* (Spr. 10:18).
- *"In die dwaas se oë is sy eie pad die regte; wie wysheid het, luister na raad"* (Spr. 12:15).
- *"'n Dwaas wys dadelik dat hy beledig voel; 'n verstandige mens laat nie blyk dat hy gekrenk is nie"* (Spr. 12:16).
- *"Die verwaande woorde van die dwaas bring vir hom straf; die woorde van wyse mense beskerm hulle"* (Spr. 14:3).
- *"'n Dwaas praat hom in 'n rusie in, hy soek slae met wat hy sê"* (Spr. 18:6).
- *"Klip en sand is swaar om te dra, maar die ergernis wat 'n dwaas veroorsaak, is erger as altwee"* (Spr. 27: 3).
- *"Wanneer 'n wyse man 'n saak maak teen 'n dwaas, raak die dwaas opgewonde en beledigend, en kom daar nie vrede nie"* (Spr. 29:9).

Nabal en Abigajil móét eensaam wees: Nabal in sy dwase wrokkigheid teen die samelewing, sy weiering om betrokke te raak by menslike nood, sy agterdog jeens Dawid en sy manne - en Abigajil, eensaam in haar vernedering. Waar één lid van 'n gesin hom / haar soos 'n Nabal gedra, moet die ander lede gedurigdeur vure doodslaan, verskonings aanbied, tussenbeide tree. In die finale ontleding is dit 'n uiters eensame lewe.

## SIMEON EN ANNA: DIE POTENSIEEL EENSAME MENSE, MAAR HULLE IS NIE EENSAAM NIE.

*"Sy [Anna] was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid"* (Luk. 2:37).

Anna het haar geestelike huisgesin gevind: in die tempel van die Here. Sy, wat slegs sewe jaar lank getroud was voordat haar lewensmaat haar ontval het, leef tussen die lede van haar geestelike gesin en doen die werk van 'n profetes. Ken jy die pragtige definisie van 'n profetes? *"Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos"* (1 Kor. 14:3).

Hierdie twee bejaardes kon al lankal sonder gewetenswroeging saam met die son om die huis geskuif het maar hulle doen dit nie. Hulle bly deel van die huisgesin van die Here, vir wie hulle daagliks by die tempel ontmoet. Die huis van die Here is vir hulle die plek waar God en gemeente hul eensaamheid wegneem.

Het jy al gewonder oor die soort bejaarde wat swakker word, maar nie minder entoesiasties nie; wat stadiger beweeg, maar wie se hart nog net so brandend klop vir die Evangelie? Dis die betrokke bejaardes. Het jy al agtergekom dat hulle nooit eensaam is nie?

## TABITA, DIE VROU WAT ANDER SE EENSAAMHEID DRAAGLIK GEMAAK HET

In die tyd toe Jesus geleef het, was weduwees die bejammerenswaardigste mense in die samelewing: selfs slawe was soms beter daaraan toe as hulle. Die slawe het darem nog 'n inkomste gehad; hulle het saans die paar munstukke in hul handpalms getel en geweet: dis kos- en kleregeld. Die weduwees het geen pensioen, geen inkomste gehad nie en was geheel afhanklik van die welwillendheid en genade van die gemeenskap.

Dit is juis dié weduwees wat ná die dood van Tabita om die liggaam van hul vriendin vergader: *"Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het"* (Hand. 9:39b). Sy het alles draaglik gemaak, sê hulle eintlik deur hul snikke. By háár het die eensames weer mens geword, by haar was daar genade en vriendskap en die praktiese uitlewing van Christenskap. Kan jy jou 'n eensame Tabita indink?

## JESUS CHRISTUS, DIE GROOT EENSAME

Jesus is die lydende kern van die heelal; die Een op Wie al die eensaamheid, al die verlatenheid van alle tye neerkom. In Sy sweetdruppels wat soos bloed word, in Sy eensaamheid waar Hy voor Pilatus staan, in Sy eensame gang na Golgota, in die verlatenheid wat Hom laat uitroep: *"My God, My God, waarom het U My verlaat?"* en in Sy eensame dood hoog bo die honende mensdom, lê die bevryding uit eensaamheid; lê die antwoord op die vraag wat beantwoord moet word voordat ons sinvol en vry kan leef: "Het iemand my lief?"

Jesus het ons liewer as Sy Eie lewe. Daarom hoef ons nooit Nabals te word nie; daarom hoef ons ons lewe nie deur Nabals te laat vernietig nie, al moet ons ook aan hul sy bly voortleef. Daarom kan ons Simeons en Annas word en ons deure glimlaggend en vol liefde vir die weduwees oopmaak, nes Tabita.

Dink bietjie na: hoeveel kloppe is daar aan jou deur? Indien daar min kloppe is, waarom is dit so? Stel dit reg. Reik uit na mense ten spyte van jou eie probleme en eensaamheid. Deur dit te doen, sal jy vreugde en vertroosting vind. Dank Jesus vir Sy verlatenheid; dank Hom vir Sy eensame dood, vir jou. Laat dit jou bemoedig en mobiliseer om vir 'n ander iets te gaan beteken!

*- Maretha Maartens, En daar het stilte gekom, CUM, 1994.*

# Mary Slessor: "Everybody's Mother"

When Scottish missionary Mary Slessor travelled to West Africa in the late 1800s, she was to become a renowned figure of her time, as she lived and worked in Nigeria. In fact, for the nearly 40 years she served as an evangelist and teacher. She also was perhaps the first person to battle some of the social injustices of the time and place. One source called her, "one of the first single missionary women to make a nationwide impact."

Born in December, 1848 in Aberdeen, Scotland, Mary was the daughter of a devout mother, and an alcoholic father. Mary spent much of her childhood in poverty. The family later moved to Dundee, where Mary worked in a local mill, and she also attended the school operated by her employer. However, there were times when her father was drunk, and he forced her into the street to survive.

Yet Mary with her mother and siblings consistently attended church, and it was there that she first became intrigued with stories about missionaries. She particularly admired missionary and explorer Dr. David Livingstone and his work in Africa, but her older brother who shared her interest, also influenced her. However, David died young, and Mary resolved to carry out his calling herself.

She came to Christ at an early age, then later became a Sunday School teacher, evangelising the neighbourhood children to attend her classes. Also, because of her father's mistreatment, she acquired a sense of compassion and empathy for the abused and abandoned.

Continuing her interest in being a missionary she applied and was accepted by the Scottish Presbyterian Church Foreign Missions Board. After her training, in 1876 she traveled to the south coastal city of Calabar, Nigeria in 1876.

It proved to be a challenging area since it was not missionary-friendly, particularly for a young single woman. In fact, sometimes the location was called the "White Man's Grave."

Mary first learned all she could about the local culture from the missionaries already there, and she soon became fluent in the Efik language. With this knowledge she then began to travel throughout remote areas. Living in the homes and villages of the people she found there. However, a bout with malaria sent her back to Scotland for a while, but she was soon back to resume her work.

Her living with the native peoples brought her respect but she also was in the middle of some horrendous local customs. For example, sometimes widows were buried with their dead husbands, and there were incidents of cannibalism.

She put her anguish into prayer: "Lord, the task is impossible for me but not for Thee. Lead the way and I will follow. Why should I fear? I am on a Royal Mission. I am in the service of the King of kings."

There was one cruel custom that she came to intensively oppose, and this was how often mothers of twins or the babies themselves, were cast out or isolated because of the belief that there was demonism involved in the birth of two babies at the same time.

In the 1880s she even adopted a baby girl whose twin brother had died. She called her Janie. She took her along as she had to return to Scotland again due to illness. She also adopted other children.

When she returned to Nigeria, Mary resumed her work in more remote areas of the country, and introduced the Gospel to a new audience. One tribe she began to help about 1888 was the Okoyong people who were plagued by not only violence, but drugs and slavery. It was a challenging new effort. However, she remained fearless. She wrote at the time, "I often had a lump in my throat… and my courage repeatedly threatened to take wings and fly away."

As was her custom, she became immersed in the Okoyong culture and people, wearing the same clothing as local women. In fact, some believed that it was only her fair skin that identified her as a Westerner. She continued to rescue abandoned children and at one point she had nearly a dozen in her home.

She remained with the Okoyong people for fifteen years. She became so popular and influential that in 1892 Mary was appointed British vice-consul, which meant she was the law enforcement agent for that area.

Throughout her service for the various Nigerian tribes, Mary both evangelised and discipled the people and in the process she set up a base for younger people who would continue her missionary work. One source related, "This base would be a turning point for the younger generation of missionaries, a launching point for the furthering of the Gospel."



*Mary Slessor, Missionary to Nigeria*
*1848 - 1915 A.D.*

Later in her life, she again battled malaria but instead of leaving she remained in Africa. Then in January of 1915 she died in a mud hut in an African village, surrounded by those who loved her, including her adopted children.

The women dubbed her "Eka Kpukpru Owo" which meant "everybody's Mother." Mary was buried in the area she had served, following a funeral procession that one source called "the grandest procession that West Africa had ever seen."

Indeed, this beloved local figure and her devoted dedication to her God and to the Nigerian people, inspired many generations to come! And even with the opposition she met, she wrote, "God and one are always a majority."

- Anne Adams

https://historyswomen.com/women-of-faith/mary-slessor/



"For God so [greatly] loved
and dearly prized the world,
that He [even] gave His [One and]
only begotten Son, so that whoever
believes and trusts in Him
[as Saviour] shall not perish,
but have eternal life"
(John 3:16 AMP).

# "Ek Sal Jou Nooit Begewe En Jou Nooit Verlaat Nie"

Jesus verstaan ons smarte. Hy het ook droefheid as mens beleef. En Hy het ook die smart van ander eensames en terneergedruktes raakgesien. Neem byvoorbeeld die verhaal van Lasarus. Martha en Maria het Jesus laat roep, maar Hy het nie dadelik gekom om 'n siek Lasarus te genees nie. Eers Martha, en later Maria, het gesê: ***"Here, as U hier gewees het…"*** Hulle en die Jode by hulle wat geglo het, is almal in rou gedompel en het geween weens die dood van Lasarus. Sommige van die Jode het gesê: ***"Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie maak dat hierdie man ook nie gesterf het nie?"*** En by die graf sê Martha: ***"Here, hy ruik al."*** Verwarrende gedagtes en vrae in 'n tyd van smart... Hulle het verworpe en alleen gevoel. Hulle moes egter God se Woord glo wat sê: ***"Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie"*** (Heb. 13:5). Jesus verskyn op die toneel en verander die hele situasie! Hy wek Lasarus op uit die dood. Hy was daar in hul nood!

Hierdie aanhaling (Heb. 13:5) kom op verskeie plekke reeds in die Ou Testament voor:

■ Die HERE Self het dit vir Jakob by Bet-El na sy droomgesig van die leer met engele wat op en af geklim het, gesê. Hy het ook vir Jakob beloof dat Hy hom Self sal terugbring na hierdie Beloofde Land (Gen. 28:15).

■ Moses het vir die hele Israel en vir Josua gesê dat die HERE hulle nie sal verlaat nie, en dat hulle die Beloofde Land in besit moes neem (Deut. 31:6, 8).

■ Die HERE het dit weer vir Josua bevestig en gesê toe hy Moses moes opvolg en die volk die Beloofde Land moes inlei (Jos. 1:5).

■ Dawid het, in opdrag van die HERE, dit vir Salomo gesê toe hy in Dawid se plek koning moes word en die tempel moes voltooi (1 Kron. 28:20).

Die teoloog Bengel het geskryf: "It is therefore like a divine adage (idiom or motto). What was said to them, extends also to us. He will neither withdraw His Presence ("never leave thee") nor His help" ("nor forsake thee").

Die Ou Testament is die roosknop wat blom in die Nuwe Testament. Ons is in die oorgangsfase waar ons die roosknop tot volle blom sien kom in elke gelowige se lewe in die Nuwe Testamentiese bedeling. Die Wet en die Profete kom tot volle ontplooiing in Jesus Christus. Dus maak die HERE hierdie belofte nou aan die Kerk, die Nuwe Testamentiese gelowiges (Heb. 13:5). Hy sê dit vir gelowiges uit alle tale, volkere en nasies wat die Tempel van God is en wat ná die koms van Jesus Christus die geestelike Beloofde Land, en die Rus van God in Jesus Christus ingegaan het (Heb. 4; Matt. 11:28-30). Ons kan hierdie Goddelike belofte toepas op elke smartlike lewensituasie, byvoorbeeld met betrekking tot 'n gebrek aan finansies, soos die skrywer dit in die Hebreërbrief doen. Let wel, nie om ryk en verryk te word vir eie gewin nie, maar om ons roeping te vervul. So voorsien God vir elke gelowige. En ons roeping is om die hele wêreld in te gaan en die evangelie van Jesus te verkondig. Ons mag egter nooit hierdie Goddelike belofte verskraal tot een enkele probleemsituasie, naamlik geld, nie. Dit geld vir alle smartlike situasies van pyn en lyding, vuurproewe waarin die kind van die Here beland of sal beland.

In die *Amplified Bible* lees die teks so: ***"Let your character or moral disposition be free from love of money [including greed, avarice, lust, and craving for Earthly possessions] and be satisfied with your present [circumstances and with what you have]; for He [God] Himself has said, I will not in any way fail you or give you up nor leave you without support. [I will] not, [I will] not, [I will] not in any degree leave you helpless nor forsake nor let [you] down (relax My hold on you)! [Assuredly not!]"*** (Heb. 13:5 AMP). Die teoloog Wuest skryf as volg hieroor: "The words 'He hath said,' are the Greek intensive in text, 'He Himself hath said.' The following promise and guarantee was spoken by God Himself. The word 'leave' is not the usual word which means 'to leave,' *leipo,* but *aniemi,* 'to send back, to relax, to loosen, not to uphold, to let sink.' It is preceded by two negatives in the Greek text which in English make a positive, but which in Greek only serve to strengthen the negation. It is 'I will not, I will not cease to sustain and uphold thee.' The word 'forsake' is a compound of three Greek words, *egkataleipo; eg* meaning 'in,' *kata* meaning 'down,' and *leipo* meaning 'to leave.' *Leipo* has the idea of forsaking one, *kata* suggests rejection, defeat, helplessness, and *eg* refers to some place or circumstance in which a person may find himself helpless, forsaken. The meaning of the word is that of forsaking someone in a state of defeat or helplessness in the midst of hostile circumstances. The word in its totality means 'to abandon, desert, leave in straits, leave helpless, leave destitute, leave in the lurch, let one down.' There are three negatives before this word, making the promise one of triple assurance. It is, 'I will not, I will not, I will not let thee down, leave thee in the lurch, leave thee destitute, leave thee in straits and helpless, abandon thee.'"

Wanneer ons in smartlike omstandighede kom en vra, "Waar is daar 'n smart soos my smart?" is dit dán dat die salwing van die Heilige Gees my deurdra. Want in die smeltkroes, wat só intens is dat ek my net op God kan verlaat, beleef ek dat God daar saam met my is. Die vuurvlam brand al die onsuiwerhede in my lewe weg en net die gesuiwerde goud kom skitterblink na vore. Paulus skryf soos volg oor sy lyding: ***"Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir Sy liggaam, wat die gemeente is…"*** (Kol.1:24). En ook: ***"…volgens my reikhalsende verwagting en hoop dat ek in niks beskaam sal word nie; maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is"*** (Fil. 1:20). Hy skryf vir Timótheüs: ***"Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus"*** (2 Tim. 2:3).

Ek moet éérs sterwe [oorgee] om te kan lewe. En die sterfte beleef ek in die smeltkroes. So sê Jesus vir Martha: ***"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?"*** (Joh. 11:25-26). En later, by die graf: ***"Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?"*** (Joh. 11:40). Het sy tóé verstaan dat jy eers moet sterwe aan jouself, sodat jy die heerlikheid van God kan sien? Net die Heilige Gees kan hierdie Goddelike waarheid in jou gees deurbreek, en eers dán sal jy kan begryp: ***"Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."***

Indien jy 'n krisis beleef en alleen voel, bid dan vandag: "Here, ek het U so nodig in my lewe! Ek self kan niks doen om my omstandighede te verander nie. Ek verloën myself. Met my hele wese vertrou ek op U. ***'Ek is dood, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my'*** (Gal. 2:20). Ek sink! Here, help my!" Dán gryp Jesus jou aan die hand en jy gewaar hoe Hy jou oplig. Dan sal jy Sy liefde verstaan en kan jy 'n ander se las in liefde help dra.

***© Dr JJ Venter***

## Waar Pas God in My Lewe in?

Met die aanbreek van 'n nuwe jaar dink ek: Waar pas God in my lewe in? Soms leef ons so haastig dat ons Hom maklik op die agtergrond skuif. Maar hierdie jaar wil ek anders begin. Ek wil doelbewus nadink oor hoe my verhouding met Hom kan groei. Jakobus 4:8 sê: ***"Nader tot God, en Hy sal tot julle nader."*** Dit is 'n belofte: as ons die eerste stap neem, sal Hy altyd teenwoordig wees. Maar geestelike groei vra inspanning - net soos enige verhouding.

Hier is 'n paar vrae om oor na te dink:

1. Hoeveel tyd maak ek vir God? Spandeer ek tyd in gebed, Bybelstudie en stilte by Hom?
2. Waarvoor kan ek dankbaar wees? Herken ek God se hand in my lewe en leef ek met 'n hart van dankbaarheid?
3. Hoe kan ek ander dien? Geestelike groei gebeur ook deur diens - wanneer ons ander liefhet soos God ons liefhet.
4. Waarop moet ek vertrou? Is daar areas in my lewe waar ek my eie pad probeer loop in plaas van God se leiding te soek?

Hierdie jaar wil ek 'n paar dinge anders doen om geestelik te groei:

* Bybelleesplan: Ek wil 'n plan kies wat my deur die Woord lei, sodat ek Hom beter kan leer ken.
* Doelbewuste gebed: Ek wil tyd maak om opreg met God te praat, nie net vinnige versoeke in te stuur nie.
* Stilte en nadenke: In ons besige wêreld is stilte skaars. Maar in stilte praat God dikwels die duidelikste.
* Aanvaar Sy genade: Ons maak foute, maar God is altyd genadig. Hierdie jaar wil ek leer om nie by skuldgevoelens vas te steek nie, maar om in Sy genade te leef.

Gebed: Here, hierdie jaar wil ek nader aan U leef. Help my om U Stem te hoor, U Woord te verstaan, en U leiding te volg. Vul my hart met 'n begeerte om U wil te soek en om te groei in my verhouding met U. Amen. - Hettie Wessels

# DIE GRONDPAD

Het jy al ooit op 'n grondpad gery? Die soort wat baie nat en modderig is? Die soort waar jy ernstig hoop en baie hard bid dat jy nie vassit nie? Mense gee raad oor hoe om op hierdie soort paaie te ry maar dit is nooit maklik nie. Die gevaar om vas te val is 'n werklikheid! Hierdie soort grondpad laat my baie dink aan ons lewenspad.

Wanneer 'n mens op so 'n grondpad ry, is dit belangrik om in die spore van 'n vorige motor te ry. Hierdie motor het vir jou die pad uitgetrap en jy kan gevare op ander dele van die pad vermy deur in die spore te ry. Dit is nou totdat jy sien dat hulle iewers 'n fout begaan het soos om in die sagte, diep modder te ry. Jy sal die bewyse van hul foute sien! Bewyse dat iemand vasgeval het of sleg gegly het. Dan moet jy nie ook daardie fout maak nie. Net so, moet ons kyk na mense wat ons voor-afgegaan het en leer uit hulle voorbeeld. Ons kan in hulle spore volg, tensy ons sien dat hulle 'n daadwerklike fout begaan het. Ons kan by ouer en wyser mense leer. Hulle het vir ons spore getrap waarin ons kan volg. *"Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid; wie hom met dwase ophou, word self sleg"* (Spr. 13:20).

Nog iets om in gedagte te hou op 'n grondpad is om nie te stadig of te vinnig te ry nie. As jy te stadig ry, kan jy vasval en as jy te vinnig ry, kan jy van die pad af gly. Op ons lewenspad moet ons ook let na die spoed waarteen ons beweeg. As ons nie vorentoe beweeg nie, sal ons vasval in die swaar van die lewe. Ons moet bly vorentoe beweeg, al is dit hoe moeilik. *"Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie"* (Jes. 43:18). Dan weer, as ons te vinnig beweeg sonder om omstandighede en mense in ag te neem, kan ons mense seermaak of self beseer word. *"Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander"* (Fil. 2:4).

Wanneer jy op 'n nat, modderige grondpad ry, trek die pad jou soms na die dieper, sagter modder toe. Jy moet vasklou aan die stuurwiel en met als wat jy het uit daardie modder wegbly! So ook in die lewe moet ons nie toelaat dat die wêreld ons intrek nie. Ons moet op die regte pad bly, anders plaas ons onsself in die gevaarsone om buite God se plan vir ons te lewe. *"[God se genade] voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe"* (Tit. 2:12).

Indien ons wel vasval in die modder is dit nie die einde van die wêreld nie. Ons kan iemand met 'n trekker of 'n insleepdiens kontak om ons te kom uithaal. In ons lewens kan ons ook ander mense vra om ons te help. Ons kan veral vir God vra. Hy sal ons nie net los nie! As ons in opregt-heid vra vir hulp, sal Hy ons altyd help. *"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word"* (Matt. 7:7).

Die maklikste manier om hierdie soort grondpad aan te durf is natuurlik om die passassier te wees. Jy hoef bloot te sit en te vertrou dat die bestuurder jou veilig aan die anderkant sal uitbring. Net so hoef ons nie die moeilike bestuurstaak op ons te neem nie. Ons kan bloot die stuurwiel van ons lewens vir Jesus gee en op Hom vertrou om ons veilig aan die anderkant uit te bring. *"Vir die mens wat in gevaar verkeer, is die Here 'n toevlug, 'n skuilplek in tye van nood. Daarom vertrou almal wat U Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na U wil, nie in die steek nie"* (Ps. 9:1-11).

Probeer jy nog die nat, modderige grondpad van jou lewe self aandurf, of het jy al die stuurwiel vir Jesus gegee?

© Cathrine Venter

## Nuwejaarsgebed

*En so het 2024 ook tot by sy einde gestap. Die jaar waarin elkeen van ons ons eie spore in die sand getrap het op ons lewenspad. Daar is dalk plekke in die sand waar jy diep spore getrap het - jy het 'n verskil gemaak. 'n Saak waarin jy vas glo. Of dalk het jy 'n ander gedra wat swaargekry het. Daar is dalk plekke waar jy jou toon gestamp het of selfs gestruikel het - die foute wat jy gemaak het. Daar is plekke waar jy strepe getrek het met jou tone en hake - die danstye; jou lagtye. Daar is dalk plekke op jou pad waar net toon- en kniemerke was - die tye waar jy voor Vader gekniel het. Daar is plekke waar jou spore nie gewys het nie - die tye wanneer iemand*



*anders jóú weer gedra het. Daar is plekke waar jou voete die sand omgedolwe het - tye van goed kleitrap en sukkel om daar uit te kom. Daar is plekke waar jy net gestaan of gesit het - jou dinktye; introspeksie. Of nabetragting oor iets. Dan is daar die plekke waar jou spoor net-net sigbaar is. Jy was so lig soos 'n veertjie - positiewe, vrolike jy. Daar is ook plekke waar jou voete gesleep het - moeg. Dis jou pad. Dis jou unieke spore. Jy het geleef. Jy is mens. 'n Kosbare mens wat groei met elke jaar se sporepad. Mag die nuwe jaar gevul wees met diep spore en vol dansstrepe! Mag jou toon- en knieplekke uit dankbaarheid wees. En plekke waar jou spoor net-net sigbaar is - jou vrolike tye - genoeg wees. Vader se seën oor jou, liewe mens! Amen.*

*- Bernie Hansen*




